


# Die Gastehuis

## Sommer so op die middaguur



*Rembrandt, Abraham en die engele — ets, 1656*

- Drie vreemdelinge het in die middaguur by Abrham opgedaag; nou lê roosterkoeke en 'n gewone kruik op die tafel. Sara loer uit by die donker deur — sy luister af, en lag smalend.  Teen die muur speel Ismael met sy pyl en boog. En Abraham? Hy buig laag voor die gaste wat die gashere word en die beker lig.
- Heb 13 sê ons moenie die gasvryheid afskeep nie.  Mense het sonder dat hulle dit geweet het engele as gaste gehuisves. Die meeste afbeeldings van hierdie verhaal gee dus engelvlerke aan die gaste.

## Elke mens 'n Gastehuis

- Henri Nouwen noem dit die beweging van vyandigheid na gasvryheid: "Hospitality means primarily the creation of free space where the stranger can enter and become

a friend instead of an enemy … not to change people, but to offer them space where change can take place" (Reaching Out, 1975).

- Gasvryheid is ruimte waar mense hulself kan wees en word — ruimte waar iets nuuts kan gebeur. By Mamre gebeur die nuwe: in die gasvrye ruimte van skadu, water en brood word die belofte uitgespreek, en word God herken.
- Ons natuurlike reaksie is egter xeno-fobie (vrees vir die vreemde en dit wat anders is) in plaas van filo-xenie (liefde vir die vreemde – die Griekse woord vir gasvryheid).

## Lag: spot, verrassing, vreugde

- Abraham val op sy gesig en lag vir God (17:17) — die Bybel se eerste ROFL. Sara lag agter die tentflap (18:12): sy het kláár die somme gemaak.
- God vee die spotlag nie uit nie; Hy skryf dit in die kind se naam: Isak — "hy lag" (21:6). Lag vír God word lag mét God.

## Rondstanery of vertoef?

- Die drie mans "staan rond" in die middaghitte. Gasvryheid verander rondstanery in vertoef ("loitering" word "lingering") en deurdat Abraham dit toelaat, word die nuwe moontlik.

## Die "skaamheid" van God

- God kom incognito, wag om genooi te word, maak of Hy wil verder gaan (vgl die Emmaus-gangers).  Ek kan dus sy uitnodiging en beloftes misloop.
- God dwing nie die deur oop nie; Hy wag in die middaghitte vir Nouwen se vry ruimte, waar Hy herken kan word.

## By die terebinte van Mamre

- Nie sommer ʼn boom nie: by Mamre het Abram vroeër ʼn altaar gebou (13:18), en volgens Joodse legende is die terebint so oud soos die skepping self. Wat hier gebeur, gebeur op heilige grond.
- Abraham is 99, pas besny (Gen 17), in die herstelfase — en tog hardloop hy in die middaghitte om vreemdelinge te bedien. Die verbondsteken keer nie sy gasvryheid nie; dit dryf dit aan.

## Hoekom nou eers glo?

- Die belofte is oud: dit het Abram uit sy pa se huis laat trek (Gen 12), dit is herhaal onder die sterre (Gen 15), en dit is geforseer met Hagar (Gen 16). Elke keer: nog nie dié een nie.
- Teen Gen 18 is Sara se lag verstaanbaar. Die vraag vir óns geloof: hoe hou jy aan ʼn woord van God vas terwyl die bewyse daarteen elke dag sterker lyk?

## Is iets te wonderbaar vir die HERE?

- Die Hebreeuse pala' beteken moeilik, wonderlik, buitengewoon. Miskien eerder "absurd".
- Die vraag bly of ek sy koms raaksien en of ek die absurditeit van geloof in my lewe toelaat.